

25 Julie

Skrifgedeelte: Nehemia 9:38–10:39 (NAV)

Fokusgedeelte: Nehemia 10:39b

Ware dankbaarheid lei tot drastiese optredes om God se wil uit te voer

Die volk het in hulle dankbaarheid teenoor die Here 'n eed afgelê wat hulle ook skriftelik onderteken het. Hulle het belowe om volgens die wet van die Here te leef en om o.a. die volgende dinge te doen: om nie met heidene te trou nie; om die sabbatdag te onderhou; om elke sewende jaar 'n sabbatsjaar te onderhou; om tempelbelasting te betaal; om hout vir die brandoffers te voorsien en om bydraes vir die tempel te gee.

Die volk se opregte berou en bekering het hulle aangespoor om hierdie drastiese stap te neem. Soos hulle samevattend in ons teksvers belowe: “Ons sal die huis van ons God nie verwaarloos nie”. Vir die volk was dit hulle geestelike mure wat in puin gelê het, wat hulle nou onderneem om te herbou.

As God se kinders in Christus moet ons uit dankbaarheid kan onderneem om Hom van harte te dien en met ons hele lewe sy eer te soek. Ware dankbaarheid dring tot drastiese optrede

Is jy ook bereid om jou hand op papier te sit vir die Here? Want so 'n verbintenis kan ons juis motiveer om ook die sonde in ons lewe af te lê en soos nuwe mense te leef. Anders sal ons die heelyd die Gees bedroef en uitblus.

Mag ons, gedring deur ons dankbaarheid teenoor die Here, ons opnuut daartoe verbind om die geestelike mure van ons godsdiens op te bou en vir die Here te sê: “Ons sal ons godsdiens – ons diens aan U - nie verwaarloos nie”.

Sing: Psalm 116:9,10 Ds MAF Kruger (Springs)